

Glossarium van literêre begrippe

Afloop: die afloop kom na die klimaks en is dus die einde van die drama.

Akteurs: dit is die toneelspelers wat die verskillende karakters uitbeeld.

Antagonis: dit is die karakter wat teenoor die protagonist speel wat die konflik by die hoofkarakter veroorsaak.

Botsings (ook genoem konflik): uiterlike konflik kom tussen die karakters voor, of tussen die karakter en sy omgewing; innerlike konflik kom in die karakter se gemoed voor.

Dekor: dit is die stel wat die ruimte op die verhoog voorstel.

Dialoog: die woorde wat die karakters met mekaar praat.

Dramateks: bestaan uit die hoofteks wat die dialog is en die neweteks wat die toneelaanwysings en spreekbeurte is.

Dramatiese ironie: dit is 'n vorm van kontras waar die toeskouer bewus is van die toedrag van sake, terwyl die karakters nie daarvan bewus is nie.

Dramaturg: dit is die skrywer of die outeur van 'n teks.

Eksposisie: dit is die uiteensetting waar die karakters en gebeure aan die gehoor bekend gemaak word.

Geïmpliseerde betekenis: dit is die verskuilde betekenis wat tussen die lyne afgelei moet word.

Genre: dit is 'n soort letterkunde, byvoorbeeld gedigte, drama, kortverhale, ensovoorts.

Handeling: dit is wat in die drama gebeur.

Hoogtepunt: dit is die klimaks van die drama, dit is die finale onvermydelike krisis.

Innerlike handeling: dit wat in die karakter se gemoed en gedagtes afspeel.

Intrige: dit is die oorsaak en die gevolg wat mekaar opvolg om die storielyn te bepaal

Karakterontwikkeling: dit is die verandering wat die karakter deur die loop van die drama ondergaan.

Kleedrepetisie: dit is wanneer die spelers ter voorbereiding met volle kosumering die laaste keer oefen voordat die drama opgevoer word

Kontras:dis is `n teenstelling waar twee uiterstes teenoor mekaar gestel word.

Leitmotiv: dit is die herhalende moetief wat deurlopend in die drama voorkom.

Motoriese moment: dit sit die handeling aan die gang sodat die aksie kan begin.

Ontknoping: dit is wanneer die spanning verbreek word en daar `n duidelike afname is.

Oudisie: dit is wanneer verskillend akteurs vir `n rol getoets en oorweeg word.

Première: die eerste opvoering van die drama.

Protagonis: dit is die held of die hoofkarakter wat sentraal in die drama staan.

Regie: dit is die afrigting van die akteurs deur die regisseur.

Regisseur: die persoon wat die akteurs afrig.

Rekwesiete: die bykomsighede wat die akteurs in die opvoering gebruik.

Resensent: hy beoordeel die drama en skryf dan `n resensie daaroor.

Ruimte: dit is die plek waar die drama afspeel.

Souffleur: die persoon wat voorsê indien die spelers hulle woorde sou vergeet.

Stemming: dit is die atmosfeer en gemoedstoestand wat heers, byvoorbeeld komies of ernstig.

Stereotipe: `n spesifieke, vaste denkvorm oor mense.

Subintrige: `n ondergeskikte verhaallyn.

Tema: dit is `n universele lewensles wat uit die drama voorspruit en is nie plek, tyd of karktergebonde nie.

Toneelaanwysing: dit is die newetekse wat kursief of tussen hakies geplaas word wat instruksies aan die spelers en regisseur gee.

Tonele: dit is die onderafdelings wat ook bedrywe genome word.

Tritagoniste: dit is die newekarakters wat die protagonist en die antagonis belig.

Transformasie: verandering.

Tydsduur: dit is die tyd wat dit neem om die drama op te voer.

Tydverloop: die tydperk waaror die drama strek.

Uiterlike bou: die verdeling van die drama in tonele.

Uiterlike handeling: die handeling wat op die verhoog sigbaar is.

Verwikkeling: die fase van ontwikkeling tot by die hoogtepunt.